

Saterdag 25 Junie

Skrifgedeelte: Filippense 3

Fokusgedeelte: Filippense 3:7-16

Glo en doen, daarin lê eenheid met Christus

Diensbaarheid is iets waarvoor gelowiges dikwels praat. Tog is dit minder 'n saak van praat en eerder 'n doen-ding.

Paulus voel baie sterk daarvoor dat dit nie jou werke is wat jou red nie (soos ons dit ook bely), en tog is dit wat ons doen en dit wat ons glo soos 'n koeksister vervleg in ons teks. Om die balans tussen glo en doen reg te verstaan, moet gelowiges egter weet dat hulle waarde nie lê in wie hulle self is of self doen nie, maar in Wie Christus is en wat Hy gedoen het. Paulus leer ons om só sterk daarvoor te voel dat ons ALLE ander dinge as "gemors" sal beskou sodat Christus juis my alles kan wees. Dit behoort ons enkele wens te wees om Christus te ken, so naby dat dit voel of jy saam met Hom gesterf en opgestaan het. Dit is egter geen rede om hoogmoedig te wees nie. Die diens (amp) van die gelowige word juis aangevuur omdat Christus my reeds syne gemaak het. Daarom moet ek en jy ons inspan om op die regte pad te bly en koers te hou.

Wanneer ons die Woord van God gebruik om almal om ons dop te hou en tot verantwoording te roep, verstaan ons nog nie die volle betekenis van die amp van die gelowige nie. Dit begin by Christus wat my waarde gee om weer te kan hoop, om sin in die lewe te hê. Sy offer roep my op om my in te span in sy diens, en tot diens van my naaste.

Glo en doen, daarin lê eenheid met Christus.

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 2

Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)